DIE VOORTREKKERS

NOORD-KAAP SENIOR PD- EN VERKENNER-GEBIEDKAMPE 21 SEPTEMBER- 28 SEPTEMBER 2019

RIGLYNE VIR DIE HANTERING VAN KAMP INSKRYWINGS

Inskrywingsvorms wat ingedien moet word. Die volgende inskrywingsvorms moet neef Chris Human voor of op Vrydag 6 September 2019 bereik. Inskrywingsvorms moet vroegtydig na **Postnet Suite 151, Privaatsak X2, Diamond, 8305**, versend word of kan by by **Yatessingel 3, Monumenthoogte, Kimberley** afgelewer word. Inskrywingsvorms van jeuglede en volwassenes moet verkieslik nie per e-pos of geskandeer gestuur word nie.

NKGK 1: Kommando opsomming.
Is die opsomming van **alle** kamp inskrywings van **alle** lede van die kommando wat die Noord-Kaap Senior PD- en Verkenner Gebiedskampe gaan bywoon. Die vorm word deur die adjunk kommandoleier administrasie voltooi en elektronies aan **Chris Human** by chris.ans1010@gmail.com gestuur. In die kolom vir gesinslede word die getal gades wat nie diens doen, en kinders nie betrokke by die onderskeie kampe/projekte nie, gelys (lede wat kampgeld betaal).

NKGK 2: Graadgroep opsomming.
Word vir elke graad groep apart voltooi. Daar moet asseblief verseker word dat die name en vanne korrek gespel is.Die kinders se name moet op die opsoming vorm in getik en in daardie formaat aan **Chris Human** by chris.ans1010@gmail.com gestuur word. Dit moet asseblief nie in pdf formaat, lees alleenlik, of geskandeer gestuur word nie.

NKGK 3: Inskrywings- en toestemmingvorm vir jeuglede.
Word deur die ouers van die jeuglede voltooi en by die kommando ingedien vir verdere hantering**.** ***Alle inskrywingsvorms en inbetalings moet deur die kommando hanteer word*****.**

NKGK 4: Inskrywingsvorm vir offisiere, staatmakers en kampbestuur.
Word deur alle offisiere, staatmakers en heemrade wat diens doen by die kampe of projekte, en kamp bestuurslede nie by een van vooraf genoemde, voltooi.

NKGK 5: Inskrywingsvorm vir spesiale dienste.
Word deur offisiere, heemrade en gades wat elders spesiale dienste doen bv. kombuis, noodhulp ens voltooi.

Gedragskode vir volwassenes.
Moet deur alle volwassenes onderteken word en aan die inskrywingsvorm vir volwasse lede NKGK 4 & 5 geheg w

Inskrywingsfooi. Die kamp se koste is die volgende:

Jeuglede :	R 910.00
Diensdoende offisiere/staatmakers/heemrade:	R 710.00
Nie- diensdoende lede (gades):	R 710.00
Diensdoende spysenering personeel in Bodemvasterrein kombuis:(nie by projekte/kampe)	Gratis
Laerskool kinders voor graad 4:	R 500.00
Voorskoolse kinders:	Gratis
Nie-Voortrekkers moet geregistreer wees op SAS	R 910.00

Sluitingsdatum vir inskrywings.
Sluitingsdatum vir inskrywings en betaling van kampgelde is **Vrydag 6 September 2019**.

DIE VOORTREKKERS

NOORD-KAAP SENIOR PD- EN VERKENNER-GEBIEDKAMPE 21 SEPTEMBER- 28 SEPTEMBER 2019

Oorbetaling van kampgelde. Die volgende reëls geld:

Geen individuele inskrywings en inbetalings in die Verkennerkampe rekening nie. Alle inskrywings en inbetalings moet deur die kommando hanteer word. Kommando's moet hulle eie bank besonderhede op die inskrywingsvorms aanbring en **nie** die van die Verkennerkamperekening **nie**.

Inbetalings. **Alle kampgeld moet nie later as Maandag 8 September 2019** in die verkennerkamperekening - **Noord-Kaap Verkennerkampe, ABSA, Rekening No 940 591 600, bankkode** elektronies, gemaak word. Laat inskrywings se kampgeld moet **voor die begin van die kamp** in bogenoemde rekening betaal word. **Geen kampgeld sal tydens die kamp aanvaar word nie.**

Verwysings met betaling. Daar moet 'n verwysing op alle inbetalings bewyse, elektroniese inbetalings of inbetaal strokies, aangebring wees wat aandui **kamp/kommando/getal volwassenes/ getal jeuglede/ getal kinders** vir die spesifieke inbetaling.

Gebiedskamp – Gbk
Kommando - Roc / Olyf / Kathu / Vryb / Dougl ens
Getal offisiere – O2 / Getal jeuglede – J10 / Getal kinders – K2
Voorbeeld – **GbkOlyf O2J10K2**

Bewyse van betaling. Alle bewyse van betalings moet aan die kommando opsommingvorm NKGK 1 geheg word. Elektroniese inbetalings bewyse moet asseblief ook aan e-pos chris.ans1010@gmail.com gestuur word.

Nie- Vootrekkers. Betaal dieselfde as geregistreerde Voortrekkers. Die lid moet egter deur die kommando op SAS geregistreer word, en kan na die kamp gederegistreer word. Lid sal nie op die kamp toegelaat word indien hy/sy nie 'geregistreer is nie.

Kanselasies. Geen kampgeld word terugbetaal na Vrydag 6 September 2019 vir kamp inskrywing kansellasies nie.

Voortrekker groete

Chris Human
KAMPORGANISEERDER

JC Stroebel
HULPORGANISEERDER